BO: Dr. Stefan Fourie het in die afgelope kalftyd sy eerste groep van 34 gekruisteelde Nguni-Sussex-kalwers aangekry. Hulle het gemiddeld 221 kg voor speen geweeg.

Wenkombinasie met Sussex en Nguni

Nadat 'n nuwe beesboer 'n artikel in *Landbouweekblad* gelees het, het hy besluit die Sussex is nét die beesras om mee te boer.

BO: Die gehardheid en kudde-instink van die Nguni kombineer uitstekend met die Sussex se beter karkasgehalte. Dié koei weeg 401 kg en haar kruiskalf 'n allemintige 297 kg op sewe maande. FOTO'S: VERSKAF/STEFAN FOURIE

Harrismith in die Vrystaat is koue wêreld en as jy daar met beeste wil boer, moet hulle die uiterstes van dié omgewing kan hanteer.

Dr. Stefan Fourie is 'n geesdriftige nuwe toetreder tot kommersiële beesboerdery. Vir hom lê die antwoord in 'n kruisteelprogram met 'n inheemse ras, soos die Nguni, en 'n *Bos taurus*-ras, soos die Sussex.

Dié tandarts en mnr. Du Toit de Wet, sy vennoot in die boerdery, deel die afgelope vier jaar 'n Nguni-kudde. Daarvan is sowat 80 beeste Stefan s'n. Dit sluit sy Sussexbulle in.

"Ons is baie tevrede met die Nguni's se lae onderhoud. Hulle het min geboorteprobleme en siektes, maar ek het begin navorsing doen oor die waarde wat die Sussex tot ons kudde kan toevoeg," sê Stefan.

INSPIRASIE

"Voordat ek op die Sussex besluit het, is ek geïnspireer deur 'n artikel van Theuns Botha ("Uitsonderlike kruising gee boer hupstoot", *LBW*, 19 Augustus 2011). Daar het ek die eerste keer afgekom op die Nguni- en Sussex-kombinasie, wat die Gunex-kruising gedoop is."

Die artikel gaan oor mnr. Jacques du Plessis van die plaas Moolmanshoek by Elliot in die Oos-Kaap en sy besonderse kruising van Nguni-tipe koeie met Sussexbulle.

"Waar ek selfs in die beste jare my kalfpersentasie met die suiwer Nguni's tot 74 kon vermeerder, beloop dit vanjaar reeds 86. Pleks daarvan om kalwers op 7½ maande teen gemiddeld net 148 kg te speen, wat géén voerkraal bereid was om in te koop nie, weeg die Gunex-kruisings 'n maand vroeër, in dieselfde omgewingstoestande, reeds gemiddeld 191 kg. Dit is 'n verbetering van 29% vergeleke met die dae toe ek nét Nguni-bulle gebruik het," het Jacques in die artikel gesê.

TOEKOMSBLIK

Stefan wil hierdie sukses navolg. Die eerste ronde met 'n Sussexbul het goed verloop en hy is beïndruk deur die resultate wat hy dadelik in die kalwers kon sien.

"Ons het 'n Sussexbul by ons Nguni-verse gebruik en sowat 90% van die 25 kruiskalwers is nie bont nie, maar rooi. Ons beoog om die kalwers op 220 kg (wanneer hulle ses maande oud is) te speen en afsonderlik aan 'n voerkraal by Harrismith te bemark."

Die voordele wat die Sussex-Nguni-kruisteling bring, is vir Stefan merkwaardig.

"Die voordele sluit in 'n effens dikker haarkleed en 'n goeie kudde-instink gekombineer met loopvermoë, lae onderhoud en maklike hantering. Ek is baie tevrede met wat ek reeds sien."

WETENSKAPLIKER

Stefan se doelwitte sluit in om die kruisteling wetenskapliker te benader.

"Met beter inligting oor die kudde en data, soos die geboorte- en speengewig, sal ons makliker kan vasstel waar ons nóg doeltreffender kan boer en watter bulle die beste presteer saam met ons koeie en verse. Dit sal ons ook op lang termyn 'n beter prentjie gee rakende ons produksiedoelwitte en uitkomste," sê Stefan. **LBW**